

DIE TREK NA HUMPATA
1892

deur

H.C. Grobler

VOORWOORD

Die opstelling hiervan is ter nagedagtenis aan die Dorslandtrek na Humpata soos deur die Grobler-familie in 1892 meegemaak.

Besonderhede van hierdie geskiedkundige gebeurtenis is vanuit oorspronklike en betroubare bron verkry en weergee die talle beproewings en gevare waaraan die trekkers blootgestel was; hulle latere lewe in die weste, en hoe sommiges van hulle vermoor is gedurende die Herrero-opstand.

Geen denkbeeldige name is aan die karakters verleen nie.

Lena Grobler, een van die hooffigure, het hierdie ramspoedige trek van begin tot einde deurgemaak. Sy lewe nog op hierdie oomblik.

1933

Swartruggens

H. G. Grobler.

Skryfster

HOOFSTUK I

Dit is 'n bitter koue aand in Juliemaand. Alles is roerloos stil, asof die kilheid van die nag beslag lê op die lewe van die afgestorwe dag. Slegs die huilende eentonigheid van die nagwind wat somber en droewig oor bergkruin en vlaktes sweef onderbreek die stilte.

Voor die vuurherd, diep in gedagte versonke, sit Lena Grobler, 'n vrou van sowat twee en sestig jaar oud. Sy staar onafgebroke in die vuur voor haar terwyl haar gedagtes onrustig woel, en dit is asof die wisselende spel van die vlamme die toestand van haar gemoed vertolk. Sy dink terug aan 'n tydperk in haar lewe wat reeds lank verby is. 'n Droewige sug ontsnap haar binneste ... ja, dit is asof sy alles weer voor haar sien.

Skielik voel sy 'n koue handjie om haar nek. Neelsie se armpie kruip liefkosend om sy ouma se nek en hy merk met kinderlike ontstelling die traan wat oor haar verrimpelde wang biggel. (Neelsie: Henrie en skryfster se seuntjie.)

“Hoekom huil ouma dan?”, vra hy sag.

“Nee wat kindjie, dis sommer die rook van die vuur wat my oë so laat water. Kom ons gaan slaap ... jy weet langoortjies hoort lankal in die bed!”

Sy liefkoos sy blonde krulhaartjies as sy hom op sy bedjie neerlê en warm toemaak. Toe sy hom 'n goeienagsoentjie gee, voel hy egter weer haar warm trane teen sy wang.

“Ouma moet nou nie meer huil nie”, troos hy met 'n fluisterstem maar die vaak ogies gaan reeds stadig toe.

Die vrou maak seker dat hy warm toegemaak is en gaan dan weer voor die vuurherd sit tot laat in die nag, en haar gedagtes voer haar terug ...

Op Boshoeck, 'n mooi en welbekende plaas naby Rustenburg, woon ou mnr. Grobler en sy seun, Cornelius, al jare. Hulle lewe is rustig en stil en sorgvry want al het hulle nie veel aardse besittings nie, ontbreek die nodige hulle nie.

Een aand, terwyl Lena besig is om kouse te stop, kom Cornelius by haar sit – iets wat hy gewoonlik nie doen nie want die nasien van opstelle en ander skoolwerk het hom meestal tot laat saans in sy studeerkamer besig gehou.

“So vroeg al klaar?”, vra sy verbaas.

“Nee, vroutjie. Jy weet om so stil te sit is darem 'n moeilike saak. Om onderwys te gee, is darem nie elke man se werk nie. Nee, gee vir my die wa, 'n sweep, my geweer en die veld en jy sien vir Cornelius so in sy element. Maar om so stil te sit ... werklik, jy lewe, maar jy lewe ook nie!”

“Ag nee, ou man, en wat makeer dan nou? Dis mos juis lekker om so met wit handjies en sonder kraginspanning jou brood te kan verdien, en dis die eerste keer dat ek jou hoor kla. Jy was dan nog altyd so tevrede”, sê sy terwyl sy hom vraend aankyk.

Sy merk egter dadelik haar man se rusteloosheid en besef dat hierdie gesprek die inleiding is tot 'n onderwerp wat nie haar goedkeuring wegdra nie.

“Ek was vandag daar oorkant by pa-hulle”, gaan hy voort, “en pa is net die ene vuur en vlam om ook Humpata toe te trek. Jy weet oom ‘Ryk’ Jan Robbertse het arm daarheen gegaan en vandag is hy skatryk. Hy het daar net deur te jag so ryk geword!”

“Daarvan het ek al gehoor. Maar wat makeer pa? Lewe ons dan nie goed genoeg nie? Pa is tog nie meer 'n kind nie en vir so 'n swerwerslewe sien ek in elk geval nie kans nie!”, en Lena kan die opstandige gevoel in haar nie onderdruk nie.

“Dis nie so erg nie, vroutjie”, paai hy haar. “Pa het maar net sy opinie uitgespreek en gesê dat

as hy mense kry wat bereid is om saam te trek, hy sekerlik tweemaal sal dink om dit nie aan te pak nie.”

“Nouja, ou man, as jy maar net nie die trekger kry nie, want as jy gaan, sal pa gaan en as jy bly, sal pa bly!”

En daarmee het hulle die saak daar gelaat en het Cornelius “Langbaard”, soos die jongere Cornelius weens sy besondere lang baard genoem is, vir ’n tydperk by sy vrou se begeerte berus. Maar, soos vir verskeie ander boere, het die trekkoors hom nie met rus gelaat nie en het die skynbaar aanloklike toekoms wat in Humpata sou wag, al hoe meer op die voorgrond getree.

Die “simptome” van die trekkoors het al hoe duideliker geblyk en toe die besluit eers geneem is, het mooipraat ook nie meer gehelp nie. Die mans het oor-en-weer begin kuier en van vroeg tot laat koffie gedrink en pyp gestop, met die gevolg dat die plaaswerk begin verwaarloos het en net die noodsaaklikste werk met willose hande verrig is.

Eindelik het die dag aangebreek. Die mans, onder wie Cornelius en sy vader, het finaal besluit om te trek en niks kon hulle nou meer keer nie.

Lena het gevoel sy moes nog ’n woordjie waag.

“Cornelius, is jy nou totaal sonder hart? Dink tog na en neem jou kinders ook in ag. Hier is Neelsie, nog net drie jaar oud; en hier ons jongste, Henrie – hy kan nog nie eers loop nie. Kry jy dit oor jou hart om hulle ter wille van aardse besittings ’n onseker toekoms te laat ingaan. Ek doen ’n beroep op jou vaderlike plig ... wees eerlik met jouself!”

Maar al het sulke smekende woorde tot die diepste van sy vaderhart deurgedring, kon dit hom nie laat swig of van plan verander nie. Die vooruitsigte vir ’n beter toekoms daar in die verre vreemde het hom gestaak sodat selfs sy vrou se vurige begeerte dat hulle liever moes bly, hom nie daartoe kon beweeg nie.

Mooipraat en trane was tevergeefs en Lena was maar verplig om nieteenstaande haar diepe teleurstelling in te pak en reg te maak vir die trek.

Op 16 Mei 1892 het twintig waens die plaas Boshok, waar hulle bymekaar gekom het, verlaat.

Vir oulaas het die trekkers van almal en alles wat vir hulle dierbaar was afskeid geneem, en toe moedig die oë op die verre horison gerig waar die onbekende sou wag.

Daar was twee waens per huisgesin – een vir die trekkers en een vir kos en ander benodighede. Behalwe die osse voor die waens was daar nog koeie, kalwers en die los trekosse.

Met die eerste skof van die trek agter die rug het die trekkers aan die oewer van die Krokodilrivier kamp gemaak waar hulle vir agt dae vertoef het.

Daar het baie ander waens by hulle aangesluit; onder andere ook die wa van Alex McDonald, ’n swaer van Cornelius “Langbaard”. Alex was aanvanklik onwillig om te gaan, maar sy vrou, Lettie, het so by hom aangehou dat hulle haar vader en broer moes volg, dat hy naderhand maar kop gegee het.

Na die agt dae se rus het vyftig waens die tog vanaf die Krokodilrivier hervat. Die reis het onverpoosd voortgeduur totdat hulle ’n stat, wat hulle genoem het “Gham se stat” bereik het. Die inboorlinge was taamlik vriendelik en het die nodige inligting – ook wat waterbronne betref – deur middel van gebaretaal aan die blankes verskaf. Water was nie te skaars nie, het hulle gesê, en daar was ses putte, naamlik die “Tlakana”-putte, voordat die trekkers die groot water sou kry waar hulle weer kon rus.

Aangesien die trek so groot was dat almal nie gelyktydig van die water gebruik sou kon maak nie, is daar na beraadslaging besluit dat die groep in twee verdeel sou word en dat die een dan vooruit sou trek sodat daar al weer genoeg water by die bronne kon wees teen die tyd dat die tweede groep wat volg daar aankom.

Later het die trek swaar en stadig voortbeweeg. Soms moes hulle vir drie dae aaneen trek sonder water en die waens moes swaar deur die sand gesleep word.



Alexander en Lettie McDonald

[Foto in Januarie 2013 met dank ontvang van
Mac en Heleen McDonald van Windhoek]

Die trekkers was naderhand swarmoedig en baie moeg.

Drie dae het reeds weer verloop sedert hulle laas water gesien het. Wanhopig het hulle maar vorentoe gebeur. Die diere bulkend en onrustig ... almal smagtend na water.

Laat die agtermiddag van 'n vermoeiende dag is hulle meteens verheug toe hulle 'n groot meer op 'n afstand sien glinster. Almal was buite hulself van blydschap. Die diere wat los was, het in dolle vaart vooruit gehardloop terwyl die ander hulle kragte moes inspan om die waens ook daar te kry.

Dit was nie lank nie of die meer was omsingel; maar hoe groot was die teleurstelling toe hulle moes uitvind dat die water sout en gans onbruikbaar was! Na die lang trek, moeg en afgemat, dors – ja, smagtend na water – mens en dier ... om dan die begeerlike vloeistof voor jou oë te sien ... water, en tog water wat jou dors nie kan les nie.

By die trekkers het wanhoop nou die hoogtepunt begin bereik en sommige het in opstand gekom. Sewe huisgesinne het daar en dan besluit om liever terug te keer na die plase wat hulle agtergelaat het.

Cornelius wat gesien het dat die ontberings veel erger was as wat hy verwag het, het sy vrou geraadpleeg om te hoor of hulle moes omdraai of verder gaan. Lena het egter gevoel dat aangesien hulle al sover gevorder het, sy nie kans gesien het om terug te gaan nie.

Aan uitspan was daar nou nie meer te dink nie en met die laaste bietjie moed het hulle die trek voortgesit, verder op soek na water.

Hulle hoop was nie tevergeefs nie. 'n Paar uur later het hulle berig gekry van die manne wat vooruit te perd gegaan het, dat daar water voor is. Met juigende harte het hulle die water bereik. Gou was die waens uitgespan en weldra het die vrouens geurige koffie geskink.

Nadat hulle 'n rukkie gerus het, het hulle bietjie in die omgewing rondgestap en dit was vir hulle 'n aangename verrassing om op 'n paar groot wildevy-bome se stamme die voorletters gegraveer te sien van trekkers wat voor hulle daar gekamp en vermoedelik dieselfde pad gevolg het. Hulle het gewonder hoe hul voorgangers se swerftog gevorder het en of hulle na vele ontberings en dors en sonder leiding ooit hulle bestemming bereik het. Want reeds het hierdie groepie mense besef en ondervind hoe magteloos hulle gestaan het teenoor die koorsige dors na water ... saamsmeltende sandduine wat glinster voor die oë in sy dorheid en wat selfs geen gras of struik kon herberg nie. Hoe nietig het die trekker nie gestaan teenoor hierdie oorweldigende en moordende elemente nie – slegs hoop en geloof kon hulle staande hou.

HOOFSTUK II

Oneindige lang dae van dors volg die trekkers weer op hul pad. Tog gaan hulle moedig voort met God hul enigste Gids na wie hul biddend opsien. Die vaste geloof dat Hy hulle nooit sal verlaat nie, het hulle van dag tot dag staande gehou.

Toe die dors op sy ergste is, kom hulle by 'n pan water uit. Hulle word egter gou besoek deur 'n groep inboorlinge – wilde barbare, soos in die woestyn aangetref word – en hulle staar die witmense met woeste verwondering aan. Naderhand begin hulle ewe manhaftig op die waens klouter – gretig om al wat hul oë sien in besit te neem.

Van die “woestynbewoners” verneem hulle toe met groot gesukkel en deur middel van gebaretaal dat daar nou vir hulle 'n baie lang trek voorlê voordat hulle weer by water sou uitkom. Dit het dan ook beteken dat hulle dag en nag sou moes trek sonder om uit te span.

Hierdie skof het moeilik gegaan en vir dae aaneen ploeg die waens deur die dik sand sonder enige teken van water in sig. Naderhand het die los diere, smagtend na water, waansinnig rondgehardloop en soms woedend op die mense afgestorm.

Dag en nag het die trek maar stadig en moeisaam voortbeweeg. Die uithouvermoë het al hoe meer en meer afgeneem. Die nood was hoog en veel langer sou niemand meer sonder water kon klaarkom nie.

'n Paar van die mans het besluit om te perd vooruit te gaan op soek na water. Ses dae het die trek nou al voortgesukkel sonder 'n druppel vogtige verkwikking. Vir die voortbestaan van lewe was daar nou maar baie min hoop. Die verantwoordelikheid en selfs selfverwyt het nou in al sy felheid op die man gerus – vrou en kind moes aan die lewe gehou word.

Toe die perderuiters van die waens af wegry, volg die los diere hulle bulkend met die neuse in die lug. Dit was 'n teken vir die mense dat die diere water ruik. Nie ver daarvandaan nie kom hulle dan ook by 'n klein pannetjie water uit, met die los beeste op hulle hakke.

Maar, o, wat 'n gesig! Die beeste storm op die pan water af; brul en stoot mekaar woedend weg om die begeerlike vog op te slurp. 'n Paar beeste is dood en ander weer was so vertrap en beseer dat hulle doodgeskiet moes word om hul lyding te beëindig. Toe hulle die pan verlaat, het slegs 'n bietjie klam moddertjies daarin oorgebly.

Die trekkers was teleurgesteld maar het vasgehou aan die wete dat water nou nie meer te ver kon wees nie. En waarlik, nie lank daarna nie, was die God gegewe uitkoms daar!

Voor hulle oë blink 'n meer van golwende water. Om die meer was groot klipgate met kristalhelder water. Dit was 'n paradys vir die dorstige trekkers en diere. En smeekbede het plek gemaak vir dankbede. Hier het hulle dan ook 'n hele week gerus sodat mens en dier hul kragte kon herwin vir wat nog sou voorlê.

Hiervandaan was die trek sonder veel moeite, want die ergste droë woestynstreke was nou agter die rug en water ook nie meer so skaars nie. Tydsaam en rus-rus het dit voortgegaan. By Namutoni waar 'n groot voorraad water te vinde was, het die trek vir enige maande vertoef. Die kos en ander benodighede was, indien nie gedaan nie, baie skaars en die mans het besluit om van Namutoni na Grootfontein te reis waar hulle die nodige voorrade vir die trek kon gaan haal.

Dit was gedurende die verblyf van die laer hier dat 'n ontstellende gebeurtenis plaasgevind het.

Daar was 'n sekere ou mnr. Van Rensburg wat baie stil en afgetrokke van geaardheid was. Vir die geringste kon hy hom egter altyd bitterlik vererg en dan nog meer terughoudend wees. Op 'n dag kry hy en sy skoonseun woorde oor osse wat hy van hom wou leen. Die woordewisseling het naderhand in 'n rusie ontaard en hoewel die ou man die voorval besonder ter harte geneem het, het

niemand daar veel notisie van geneem nie. As gevolg van spanning wat noodwendig onder die omstandighede opgebou het, was sulke voorvalle nie ongewoon nie.

Mnr. Van Rensburg het egter spoorloos verdwyn en sy vrou het naderhand onrustig begin word. Maar dan het sy haarself weer gerusgestel met die gedagte dat hy miskien by een of ander groepie in die laer kuier. Dit het naderhand al skemer geword en nog was hy nie terug nie. Toe het sy hulp ingeroep en almal het dadelik begin soek. Dit was nie lank daarna toe hulle hom vind nie – aan ’n boomtak opgehang, was hy reeds dood.

Die gebeurtenis het almal diep geskok want deur die saam reis en ontberings het hulle mekaar so goed leer ken. En wie kon nie die selfverwyty op die skoonseun se gesig lees nie?

Nadat die mans van Grootfontein af teruggekeer het, is die reis voortgesit. Die trek het nou Ovamboland binnegegaan – ’n uitgestrekte kaffergebied. Van die kaptein het die trekkers reg verkry om deur sy landstreek te trek. Hy was ewe vriendelik en beleefd en het selfs die laer besoek. Daar sien hy die geweer van Cornelius Langbaard en kry so sin daarin dat hy dit van hom wou ruil. Maar omdat Cornelius self baie waarde aan sy geweer geheg het, wou hy dit nie afstaan nie. ’n Geweer in die wildernis is jou grootste vriend en as sulks het Cornelius sy wapen beskou. Die kaptein weier toe om hom deur sy gebied te laat trek tensy hy die geweer aan hom verruil.

As gevolg van hierdie gebeurlikheid is die trek vertraag.

Die mense het naderhand begin ongeduldig raak en uiteindelik maar besluit om voort te gaan en Cornelius met sy ruilery agter te laat. Alex McDonald het egter agtergebly om sy swaer by te staan en nadat die ander weg is, het net die twee waens die nag alleen by die stat agtergebly.

Die volgende more het hulle met teleurstelling ontdek dat al hulle beeste, behalwe die trekosse, gesteel is. Die skade was te groot om sommer oor die hoof gesien te word en Cornelius stap na die kaptein om hom daaroor te spreek. Teenoor Cornelius het die kaptein hom ewe onskuldig gehou en van die witman se beeste konsuis niks af geweet nie.

Intussen het Alex toe maar ingespan en die ander trekkers stadigaan begin volg.

Cornelius het egter nou met die hande in die hare gesit en het besef dat hy niks kon doen teen die kaptein en sy oormag nie.

Tot hul groot vreugde kom Alex later weer te perd terug en nadat hulle die probleem bespreek het, besluit hulle dat dit onmoontlik is om die verlies te ly en dat hulle van die kaptein se beeste sal vat in die plek van hulle eie wat gesteel is. Lena het geprotesteer omdat sy die gevaarlike gevolge van so ’n daad besef het, maar tevergeefs. Sy het so bevrees gevoel en haar twee weerlose kindertjies was vir haar meer ’n kwelling as ’n troos.

Alex en Cornelius het toe ingespan, en ’n end daarvandaan van die kaptein se beeste aangekeer en koers gevat. Die beeswagters het die kaptein van die witman se handelwyse gaan verwittig en briesend kwaad het hy sy krygsmanne bevel gegee om hulle dadelik te agtervolg.

Skaars was die vlugteling ’n paar myl weg of hulle bemerk ’n swart massa wat agter hulle aankom – gewapen, hul oorlogskreet luid en moordlustig.

“O, Vader”, kerm Lena, “help, en spaar ons tog ... dan nie om ons ontwil nie, maar tog om die kinders s’n!”

Klein Henrie, deur die naderende lawaai verskrik, begin droewig huil en Neelsie gryp sy moeder angstig om haar nek terwyl hy met angstige oë kyk hoe die swartes nader kom; van vrees kon hy sy eie tranes ook nie meer keer nie.

“Toemaar Neelsie”, troos sy moeder hom – uiterlik kalm maar haar binneste koud van ang – “moenie huil nie. Het mamma dan nie al vir jou vertel van die liewe engeltjies wat ons bewaar nie? Wees nou soet! Kyk hoe huil jou ou klein boetie ... ons moenie huil nie want dit maak hom net nog meer bang.”

Neelsie, wat altyd na sy moeder se mooipraak geluister het, gehoorsaam haar hierdie keer nie, en Lena is magteloos om hom te troos.

“O,” sug sy, “was ek maar liewers in my ou huisie op ons plaas ... Maar, O Heer, ons is so ver en verlate en U is ons enigste toevlug – verlaat ons tog nie ... !”

Sy maak onder die katel leeg en berei vir die kindertjies ’n slaapplek waarin sy hulle neerlê. Voor en agter laat sy die kooigoed afhang sodat dit as beskutting kan dien.

Sy gryp die patroonkissie en besluit om haar deel te doen. Die aanvallers storm – spring kort-kort weer om as die koeëls wat Cornelius, Alex en Gert Grinsbeeck (Cornelius se wadrywer) op hulle afvuur telkens hul doelwit bereik. Die geveg word hewiger en ’n koeël wat deur Cornelius se baard vlieg, fluit rakelings by Lena se kop verby waar sy besig is om gewere te laai.

Meteens hoor sy ’n gekreun en sien dat Cornelius gewond is ... en ag, hoe huil klein Henrie tog. Sy hoor hoe Neelsie sy broertjie probeer troos en stilmaak. Sy beskou alles asof sy in ’n droom verkeer; dat dit die werklikheid is, kan sy byna nie glo nie.

Maar die bloed wat uit haar man se wond vloei, bring haar tot besinning en gou verpleeg sy hom. Kort daarna word Grinsbeeck ook gewond maar dit is nie ernstig nie en hy klim gou in die watent sodat sy dit kan verbind. Alex doen ook ’n vleiswond op en haastig moet sy ook haar aandag aan hom skenk.

Ramp op ramp .. dit duisel voor haar. Uitgeput en snikkend sak sy op die bed neer en fluister saggies: “My skatjies ... dis moeder, sy is hier by julle ... moenie huil nie!”

En dan word alles swart voor haar oë.

HOOFSTUK III

'n Harde geweerknal dring tot Lena se half benewelde verstand deur. Verskrik sit sy regop; stadig begin sy bewus word van die werklike omstandighede. Hulle het mos geveg, onthou sy, en die aanvallers kan sy nog hier digby hoor.

Hoelank sy bewusteloos was, het sy nie geweet nie. Die son was nog hoog aan die westerkim toe die geveg begin het en nou was dit al sterk skemer.

Sy loer gou so effens by die wa-tent uit en sien dat die mans nog steeds veg. Haar hart ruk van blydschap as sy sien dat haar man nog lewe en onophoudelik skiet om die aanvallers van die wa af weg te hou.

Skielik dink sy aan die kinders, maar voel gerus toe sy sien hoe vas hulle slaap met die trane se spore nog op die wangetjies.

Die geveg bedaar nou geleidelik en na 'n rukkie hou dit heeltemal op, want dis ook reeds te donker om verder daarmee voort te gaan. 'n Gespanne atmosfeer en doodse stilte heers terwyl die aanvallers hul gewondes behandel en die dooies wegdra. Hulle het nie die moed om in die donker die witman se wa te nader nie. Weldra maak hulle groot vure waarom hulle in groepies vergader en blykbaar babbelend die verloop van sake bespreek.

Lena neem haar man aan die arm en bring hom na die watent waar sy sy wond skoonmaak en verbind. Dit was nie ernstig nie maar Cornelius het baie bloed verloor en gevolglik was hy swak en uitgeput. So was dit ook met Alex.

Hulle besef dat die swartes moontlik gedurende die nag onverwags die wa kan omsingel en hulle vermoor, en besluit om so gou moontlik te probeer wegkom.

'n Kombers en 'n fles water was al wat hulle kon saamneem want hulle het nou net aan hul lewens gedink, en nie eens aan die geld in die kis en ander besittings wat moes agterbly gedink nie.

Dit was onmoontlik om ongemerk weg te sluip maar hulle moes dit waag, en wat was hulle verbasing groot toe die swartmense hulle ongehinderd laat gaan. Dit was 'n raaisel – nietemin het hulle geen tyd verspil nie en so vinnig moontlik aangestryk. Hulle het egter maar stadig gevorder want die mans se kragte was min en daar was nog die twee kindertjies wat kort-kort gedra moes word.

Vermoeienis en uitputting het hulle naderhand op die grond gedwing. Om verder te loop was feitlik onmoontlik. Die mans en kinders was gou aan die slaap, maar Lena het onrustig en met 'n wakende oog wakker gebly. Toe sy dink dat hulle nou 'n goeie rukkie gerus het, het sy hulle wakker gemaak en het hulle, effens versterk, die reis weer voortgesit.

Deurdat dit donker was, kon hulle die pad nie sien nie en het sommer na gedagte probeer rigting hou. Teen dagbreek hoor hulle harde stemme en die gekap van blye. Tot hulle diepste teleurstelling moes hulle agterkom dat hulle in 'n kring geloop en weer by die wa uitgekom het. Dit was die swartes wat besig was om die houtartikels op die wa so stukkend te kap. Ag, die moedelse gevoel – die hele nag deur het hulle vermoed aangesukkel om maar net weer by die gevaar waarvoor hulle gevlug het uit te kom. Hier kon hulle egter nie versuim nie en moes so gou moontlik die vlug hervat.

Die water in die fles was die enigste vir baie myle; kos was daar glad nie. Die volgende dag bring hulle steeds op die pad deur – sukkelend onder die gloed van warm sonstrale.

Die agtermiddag het vermoeienis hulle weer tot stilstand gedwing en het hulle gewag totdat dit koeler word voordat hulle verder gaan. Daardie hele nag deur het hulle gestap en die tweede dag vind die vlugtelinge nog steeds op die pad. Die water wat die vorige dag nog hulle tonge kon natmaak, was ook nou gedaan. Die kindertjies was smagtend vir water en so honger; hulle klaagstemmetjies kon ver in die stil en verlate omgewing gehoor word.

Lena se trane wat die eerste dag vryelik gevloei en haar gemoed tot 'n mate verlig het, was nou

ook nie meer daar nie. Sy hou haar dapper want besef dat haar eie moedverlorenheid nou 'n noodlottige uitwerking op haar man en swaer, wat juis al hulle reserwekrag en moed moes gebruik, kon hê.

Dit was 'n bloedige hitte en die sonlig was so skerp dat alles voor hulle waterende en vermoeide oë geflikker het.

En die voete, wat altyd so getrou hulle laste gedra het, het onwillig en slepend deur die wegskuiwende sand gebeur.

Hoop flikker weer op as hulle bemerk dat die wa-spore wat hulle nog steeds volg, nou vars in die sand lê en met meer moed druk hulle maar aan om die trek te bereik voordat dit te laat is.

Laat dié middag, toe hulle weer besig was om te rus, hoor hulle stemme maar gewaar gou dat dit swartmense is, maar nie Ovambo's nie, want dié se taal was vir hulle al taamlik bekend. Dié was baie verbaas om witmense daar aan te tref en het dit duidelik getoon deur gebare en klikgeluide met die tong. Cornelius beduie toe vir hulle wat die posisie is en nou vind hulle uit dat hierdie mense die Ovambo's vyandig gesind.

Lena vra toe of hulle nie vir haar kindertjies water het nie. Hulle kon egter net dikmelk aanbied, maar die afgesakte water daarvan het gou hul dors geles. Nadat hulle van die swartmense verneem het dat water nie meer te ver was nie, het hulle die reis weer verder aangepak.

Vermoeienis het hulle egter naderhand weer eens oorval en op die knieë gedwing.

Alex besluit toe om maar alleen voort te sukkel tot by die water en dan vir die ander water terug te bring. Toe hy uiteindelik by die water uitkom, was hy al byna ylhoofdig. Nadat hy genoeg water gedrink het, het hy gemeen om 'n rukkie te rus voordat hy die terugtog sou aanvaar. Maar helaas, hy kon nie meer teen die mag van die natuur stry nie en word deur 'n diepe slaap oorval en die wete van die vrou met haar man en kindertjies wat met verlangende oë die pad dophou, is vir hom verlore.

Toe hy wakker word, was dit reeds dagbreek. Hy spring op, bekyk die wêreld en stadig dring die werklikheid tot hom deur. Selfverwyt knaag aan sy gewete oor sy selfsugtigheid omdat hy geslaap het terwyl hy water aan die smagtende mense moes bring. Hy loop weer haastig na die water maar gaan meteens stil staan en luister. In die verte hoor hy die gekraai van 'n hoenderhaan. Hy luister ... ja, werklik daar hoor hy dit nog 'n maal. Hy loop dadelik in die rigting vanwaar hy die gekraai hoor en, nie ver daarvandaan nie kom hy tot sy groot vreugde by die trekkerslaer uit.

Almal was baie bly om hom te sien en hulle verneem dadelik wat van Lena en haar man geword het. Toe hulle hoor dat hulle nog in die veld is en in bedenklike toestand het Cornelius se vader dadelik perde laat opsaal, kos en water meeneem om die verlorene te gaan haal.

Lena was oorstelp van blydschap en het gejuig vir die wonderlike uitkoms. Nadat hulle geëet het, het hulle na die waens teruggekeer.

Die ander trekkers was dankbaar oor die terugkoms van hul vriende en het verwonderd geluister na die vertelling van die rampspoedige ondervindinge wat die huisgesin moes deurmaak. Lena-hulle het dit baie waardeer toe hulle verneem dat die laer eintlik daar vir hulle gewag het, anders sou hulle dit miskien nooit ingehaal het nie.

Hiervandaan het die trek voorspoedig gevorder tot by Humpata.

Cornelius was egter nou brandarm want al sy besittings het in die hande van die swartes agtergebly en terwyl almal 'n goeie begin in die nuwe wêreld kon maak, moes hy maar sukkelend van vooraf begin.

Hy het handel gedryf met die swartmense deur krale aan hulle te verruil waarop hulle so versot was dat hulle sommer groot waarde daarvoor gegee het.

Die trekkers het uitmekaar gegaan, elkeen na waar hy die beste 'n bestaan kon maak. Cornelius het hom op 'n plasië, Palmfontein, gevestig.

'n Sekere Kemptmann, 'n groot vriend van Cornelius, het ook altyd met die Ovambo's handel

gedryf. Op 'n dag bring hy vir Cornelius sy wa en vier van sy osse terug. Hy vertel dat die kafferkaptein net praat van die witman wat sy mense so geskiet het.

Toe Lena die wa sien, het sy half treurig gevoel want dit was die vesting waar sy van die bitterste en benoudste oomblikke van haar lewe deurgebring het.

Cornelius het egter gou gesien dat hy in Humpata geen bestaan kon maak nie en toe hy van reisigers verneem dat daar in Suidwes-Afrika beter vooruitsigte bestaan het, het hulle besluit om afgevaardigdes te stuur om te gaan ondersoek instel.

Daar was 'n sekere ds. Neeffling wat in Humpata kom kerk hou het. Hy en sy seun wat saam met hom daar was, besluit toe om met die afgevaardigdes saam te gaan. Hulle sou dan afreis na Swakopmund en daarvandaan verder per skip na die Kaap. Hulle moes toe weer deur Ovamboland gaan om in Suidwes of Damaraland, soos dit destyds genoem is, te kom.

Hulle kom toe weer by dieselfde stat waar Cornelius die geveg met die inwoners gehad het en span daar uit. Cornelius stap oor na die sendeling, Rantena, toe maar toe dié hom sien was hy verskrik.

“O, meneer, waarom waag u dit om weer in die nabyheid van die stat te kom?”, verneem hy onrustig. “Die kaptein het u portret wat hy in die kis op die wa gekry het en sal u dadelik herken want hy dra nog 'n wrok in sy hart teen u! En wat meer is, sy tolk is nou op hierdie oomblik in my huis. U lewe is sekerlik in gevaar en nou myne en my vrou s'n ook!”

Cornelius het bleek geword by die aanhoor hiervan; dat die kaptein hom nog sou herken, het hy nooit eers aan gedink nie. Voordat hy egter kon omdraai, het die tolk hom gesien, die witman dadelik herken en terwyl Cornelius nog met die sendeling gesels, het hy met sy “goeie” nuus na die kaptein gegaan.

Onder dié wyl het die sendeling vir Cornelius in sy kamer geneem en vir hom 'n kragtige gebed gedoen. Cornelius het hom bedank en terwyl hulle nog onrustig, en die sendeling se vrou handewringend, daar staan, het die tolk met die onheilspellende boodskap gekom dat die kaptein die witman wou sien. Die sendeling se vroujie het saggies gehuil en hy self het so magteloos gevoel.

“Bid maar vir my mnr. Rantena”, sê Cornelius toe hy wegstap.

“O, ja my vriend, ek sal ... vertrou net op God”, was die vertroostende woorde van die sendeling.

Met die tolk kort op sy hakke, stap hy eers na sy maats toe om hulle van die angsvolle vooruitsig te vertel. Hy groet en nadat hy weg is, het almal gekniel terwyl ds. Neeffling vir Cornelius 'n gebed gedoen het.

Toe Cornelius by die kaptein se vesting kom, moes hy eers deur 'n lang gang stap wat na die kaptein se saal lei. Die gang het weerskante uit houtpale bestaan – die deurgang was so nou dat slegs een persoon op 'n keer daar kon deurstap.

Voor hom het 'n kaffer geloop en agter hom was die tolk.

Dit het geruime tyd geduur voor hulle by die groot saal uitgekom het. Hier was die kaptein besig om met sy indoenas raad te hou. Toe hy inkom, hou hulle op met praat – een staan op, neem 'n kisse en gee dit vir Cornelius om op te sit.

Cornelius was koud van vrees en in sy hart 'n gebed.

Dat sy lewe op die spel is, het hy reeds lankal besef. Die eerste vraag wat die kaptein tot hom rig, is of hy die witman is wat sy mense destyds so geskiet het. Hy sê dat party van hulle as gevolg daarvan gebreklik is – 'n arm of been verloor het – en 'n menigte gesneuwel het.

Cornelius luister oënskynlik belangstellend en sê dat hy van so 'n geveg niks weet nie en verbaas is dat hulle hom sonder meer vir so 'n ongegronde beskuldiging kon aankeer. Die kaptein

kyk hom ongelowig aan en skud sy kop.

“Dis jy dié, kyk ’n bietjie!”, sê hy selfversekerd terwyl hy die portret van Cornelius self aan hom oorhandig.

Cornelius neem die portret, bekyk dit en sê dat hy die man goed ken, want dit is sy eie neef wat nou onlangs na Humpata getrek het. Hy vertel dat hy reeds jare in Humpata woon en dat hy nog nooit met die Ovambo’s rusie gehad het nie.

Die kaptein bespreek die saak met sy indoenas. Party sê dis Cornelius; ander meen dat dit maklik ’n neef van hom kan wees.

Cornelius se oë dwaal deur die vertrek. Hy herken die stoel waarop die kaptein sit as syne en bemerk dat die kaptein Lena se ring aan sy vinger het.

Steeds praat hulle onophoudelik terwyl die ure traag verby sleep. Die honger knaag aan Cornelius want hy het die more slegs ’n koppie koffie geniet en dit was nou al laat in die middag.

Dis naderhand al donker en die kaptein en sy indoenas stry nog altyd. Hoe langer die samesprekings word, hoe minder word Cornelius se moed en naderhand kan hy nie anders nie as om te dink dat hy sekerlik dié nag sy dood tegemoet sal moet gaan.

Om die beurt bekyk hulle die portret en kort-kort wys die kaptein van die portret na Cornelius en sê:

“Dit is jy hierdie ... jy stry verniet!”

Maar Cornelius bly standvastig by die heftige bewering dat dit sy neef is.

Die hele nag deur hou hulle raad en Cornelius bid maar voortdurend om bystand en dat die Here die wraakgierige harte moet versag.

Dan dink hy weer aan sy vrou en kindertjies. Hulle is totaal onbewus van wat hier gebeur. Miskien bid Lena tog vir hom, al weet sy nie van die gevaar waarin hy verkeer nie. Hy sug en voel die trane warm agter sy moë ooglede brand. Hy is net bewus van die kaptein se beskuldigende oë en brutale woorde.

HOOFTUK IV

Met pragtige glans loer die son oor die bergtoppe en vervul mens en dier met lus vir die dagtaak wat wag.

Net in Cornelius se hart is dit nog donker want die hele nag was hy in angsvolle afwagting. Hy het nie 'n oog toegemaak nie en die swartes het die ure omgeredeneer – die lewe van die witman in hul hande gehad. Uiteindelik het hulle besluit om tot stemming oor te gaan en sodoende oor Cornelius se skuld of onskuld te besluit. As die meerderheid hom skuldig bevind, dan sou die doodstraf sy lot wees.

Cornelius kon die spanning nou net nie meer verduur nie en het gevoel hulle moes nou dadelik die beslissing gee – al was dit dan ook die ergste. Hy stap toe ewe manhaftig na die kaptein en vra om met hom te praat. Dié was verbaas maar gewillig om te luister na wat die witman te sê het. Cornelius sê dat hy dadelik die uitslag van hulle besluit wou weet want hy kon nie begryp waarom hulle hom so lank sonder water of kos daar laat wag nie. As hulle hom dan om die lewe wou bring, kon hulle dit maar doen ... hy is nie bang daarvoor nie. Maar, sê hy, hy weet dat hy onskuldig is en sy bloed sal op hulle gewete wees.

Die kaptein, wat maar min dapper mense onder sy volgelinge gehad het, het Cornelius se manmoedigheid geadmireer.

Hy het 'n rukkies gesit en nadink en terwyl hy Cornelius ernstig in die oë kyk, het dit gelyk of hy tot 'n besluit kom. Hy sê toe vir sy indoenas dat die witman darem seker onskuldig is want, meen hy, 'n skuldige man sal darem nie maklik so praat nie. Nadat hulle nog 'n rukkies samesprekings gevoer het, verklaar hulle hom onskuldig.


Toe Cornelius die blye nuus verneem, bewys hy van aandoening terwyl uit sy hart 'n dankgebed na bowe styg.

Na hierdie finale beslissing was die kaptein toe ewe gemoedelik en Cornelius moes toe eers saam met hulle bier drink. Die kalbasse word gevul – die kaptein drink eerste en daarna volg almal sy voorbeeld.

Die hele nag deur het ds. Neeffling en die klompie by die waens nooit geslaap nie maar met gebede aan hulle vriend in nood gedink; so ook die Sendeling en sy vrou.

Toe Cornelius die volgende oggend na die waens toe aangestap kom, het hulle hom met vreugde in die hart tegemoet gegaan. Almal saam het gekniel en die Here gedank vir sy genade.

Nou kon die reis weer voortgesit word en na etlike dae het hulle veilig in Suidwes-Afrika aangekom. Hulle het deeglik ondersoek ingestel na wat die toekoms hulle daar kon bied en toe weer teruggegaan na Humpata om hul bevindings mee te deel.



Cornelius Langbaard en sy seuntjie Henrie

Baie van die mense het in Humpata bly woon, terwyl ander hulle besittings opgepak en na Suidwes verhuis het. Cornelius het ook daarheen getrek en hy en sy swaer, Alex, het hulle in die Omaruru-distrik gaan vestig terwyl sy ouers op Grootfontein gaan woon het.

Cornelius en Alex het deur hulle harde arbeid stadig maar seker vooruitgegaan. Hulle het onder andere ook vir die Duitsers vanaf Swakopmund na die binnelandse dorpies transport gery. En na enkele jare was hulle weer welaf genoeg om onafhanklik 'n goeie boerdery aan die gang te hou.

Die jare het rustig verloop en die alledaagse lewenstroom het die verlede met menige smartvolle ondervinding agtergelaat.

Dit was 'n bittere beproewing toe Lena en Cornelius moes afskeid neem van hul oudste seuntjie, Neelsie, wat die hele trek moes deurmaak om hier in die verre Weste as gevolg van masels deur die dood weggeneem te word.

Henrie was toe die oudste; 'n penkop van twaalf jaar.

Dan was daar nog 'n dogtertjie van sewe, Elsa, en 'n baba van enige maande.

Later moes Henrie terug na die Transvaal om daar skool te gaan, want Cornelius wou hom nie permanent in die Suidwes se skool hou nie omdat hy nie tevrede was met die destydse skoolwet daar nie.

Cornelius neem toe van sy beste en mooiste osse en ook van Alex s'n om dit in die Transvaal te gaan verkoop omdat die pryse vir beeste in Suidwes maar baie laag was. By dié geleentheid neem hy toe vir Henrie na Lena se ouers om daar skool te gaan. Die reis was natuurlik nie die helfte so lank as wat dit was toe hulle daarheen getrek het nie want nou was daar al korter paaie bekend.

Op Vryburg aangekom het hulle 'n paar dae daar vertoef om besigheidstransaksies te beklink. Saam met 'n paar van sy vriende is Cornelius Langbaard en sy seuntjie Henrie afgeneem. (Sien foto.)

Met die besigheid het dit goed gegaan, maar dit het baie tyd in beslag geneem sodat 'n lang tyd verloop het voordat Cornelius eers op Boshoeck aangekom het.

Lena se ouers was oorstelp van blydschap om hulle weer te sien maar ook baie teleurgesteld dat Lena nie saamgekom het nie. Cornelius het gesien hoe innig sy skoonmieder, wat al oud was, verlang het om haar dogter te sien, en stuur toe dadelik 'n boodskap na Lena dat sy per skip na die Kaap moes kom om by haar moeder te kuier aangesien hy ook nog vir geruime tyd daar sou moes vertoef vir besigheid.

Terwyl Cornelius weg was, het Lena en Lettie besluit om vir Lettie se ouers (Lena se skoonouers) op Grootfontein te gaan kuier. Alex, wat Cornelius se boerdery ook moes behartig, kon onmoontlik die tyd vind om hulle te vergesel maar het sy betroubaarste kaffer, Bethlehem, afgestaan om hulle daarheen te neem.

Met blye vooruitsig het die twee vrouens gereed gemaak en op reis gegaan. Dit het maar stadig gevorder met die ossewa, maar hulle was ook nie so haastig nie.

Lena se babatjie het naderhand begin knieserig word en hulle het hom met die middels tot hul beskikking gedokter maar sonder veel sukses. Die kindjie het steeds sieker geword en teen die einde van elke volgende dag was sy koors hoër. Angstig het die twee vroue by die sieke gewaak. Enige hulp van 'n medemens was buite hul bereik. Hulle was hartseer en moedeloos by die besef dat hul eie hulpmiddels hom nie kon red nie.

Magteloos het hul die heel nag wakker gesit – probeer om hom tot bedaring te bring ... sy rusteloosheid te verminder, maar van beterskap was daar nie sprake nie.

Na die lang donker ure het dit eindelijk lig geword.

Die koue windjie het by die wa-tent verbygefluit, en koud was dit ook in die hart van die ontroosbare moeder. In die wa-tent was die klaende en kermende kinderstemmetjie ook nou stil – vir altyd!

Hulle het hom laat die middag in die wa-kis neergelê.

Spierswit aangetrek en met sy handjies oor sy borsie gevou, was sy nederige begrafnissie nie veel verskillend van ander nie – net syne was so in die wildernis. Die vrouens het hom weggebêre in ’n graffie waaraan Bethlehem vroeg al begin grawe het.

Dit was ’n hartverskeurende afskeid van die moeder en aandoenlik om haar bedroefde stem te hoor: “Ag my liefing! Nou is jy vir altyd weg van mamma af. So ver is jou graffie en so alleen ... maar die engeltjies sal met jou wees ... ook hier in die eensaamheid, in die verlatenheid!”

Hulle het toe weer ingespan en die reis hervat. Met betraande oë het Lena na die eensame hopen grond gestaar totdat sy dit nie meer kon sien nie, terwyl skaars hoorbare snikke geen verligting vir haar hartseer kon bring nie.

Nadat hulle ’n geruime tydjie by Lena se skoonouers vertoef het, het die tyd aangebreek dat hulle weer huiswaarts moes keer.

Klasie, ’n seuntjie van Lettie, wou tog so graag agterbly.

“Nee, asseblief mamma, laat ek maar bly”, het hy gesoebat. “Oom Hansie-hulle kom kuier een van die dae vir Ouma en dan kom ek mos sommer saam met hulle huis toe!”

Sy grootouers het ook aangedring dat hy moes bly en sy moeder het maar naderhand half teensinnig haar toestemming gegee. Min het sy geweet dat sy haar seuntjie nie weer sou sien nie en dat die afskeidsoentjie ook die laaste sou wees.

Toe Lena en Lettie weer op hulle plaas terugkom, was Cornelius se boodskap dat sy na Boshok moes kom, reeds daar. Sy het so verlang om haar man en ouers weer te sien dat sy gretig was om klaar te maak, en met die eerste skip na die Kaap vertrek het.

HOOFSTUK V

Dit is ’n stil Sondagmôre. Die lug is donker van die onweerswolke en so nou en dan val daar ’n sagte bui reën. Die hele nag deur het dit gereent – soms sag en weifelend en dan weer kort-kort deur ’n harde stortbui afgewissel.

Die aarde is nat en klein stroompies vleg kabbelend deur die digbegroeide plekke en oor en tussen die klippe deur.

Af en toe sing ’n voëltjie.

Lettie sit op die stoep van haar woning en aanskou die wêreld wat so skoon gewas word deur die glinsterende druppels. Naby haar speel haar dogtertjie met die kat en telkens hoor sy ’n vrolike kinderlaggie.

Sy is nou so alleen vandat Lena weg is, maar bly besig met haar dagtakies sodat sy haar nie te veel mis nie. O, sy is tog so gelukkig hier op hulle plaas – geniet die stilte en die rustige lewe.

Alex sit sy stoel langs hare, neem haar hand in syne en bekyk die wêreld selfvoldaan.

Meteens kom ’n groot hoenderhaan tot vlak voor hulle en sy gekraai weergalm oor die werf.

“Hoe lyk dit pappa ... ons gaan vandag mense kry”, sê Lettie laggend.

“Ja, dit sal nogal gaaf wees, nie waar nie vroutjie?”, antwoord hy.

Nog ’n rukkie sit hulle rustig en gesels toe hulle skielik stemme en naderende voetstappe hoor. Dit was dan ook nie lank nie of twee Herrero’s kom om die huis gestap.

“Ons kuiergaste, vroutjie!”, sê Alex tergend terwyl hy opstaan om te gaan verneem wat die besoekers wil hê.

Hulle sê toe dat hulle graag ou klere wil koop. Dit was glad nie ’n ongewone verskynsel nie en gou was die transaksie afgehandel. Maar Lettie se vroulike intuïsie roer in haar binneste en sy kan die onrustige gevoel wat van haar besit neem, glad nie verklaar nie.

“Alex, weet jy ons sit hier so ver van alles af en het niks nuus oor wat aangaan nie”, sê sy naderhand aan haar man. “Toe ons laas verneem het, was daar mos ’n gerug dat die Hottentotte in die Suide opstandig was ... dalk het daar al so ’n vonkie onder die Herrero’s ingewaai.”

Maar Alex skud sy kop want so iets klink vir hom te onwaarskynlik.

“Nee wat, die Herrero’s opstandig? Hulle het geen rede nie vroutjie, dus stel jouself maar gerus!”, antwoord hy haar.

Die Sondag het verder stil verloop. Die donker het nadergekrui en die reën het weer in harder buie neergestort.

Na die aandete sit Lettie haar kindertjies in die bed en nadat sy en haar man nog ’n rukkie gesels het, gaan hulle ook maar slaap.

Maar Lettie was nie gerus nie en kon net nie aan die slaap raak nie. Sy het hard probeer om die angstige gevoel in haar te onderdruk maar kon net nie daarin slaag nie. So benoud het sy geword dat sy naderhand haar man wakker gemaak het.

“Ag, mammie, slaap tog ... jy is verniet bekommerd en onrustig!”, was al wat hy so deur die slaap gesê en weer dadelik ingesluimer het.

Na die lang ure van wakker lê, was dit vir Lettie ’n verligting toe dit eindelijk begin lig word.

Die son wat nou al vir ’n paar dae sy kop net so skrams deur die wolke steek en dan weer vir ure wegbly, lag vandag die klam aarde vriendelik toe. Al die wolkies het gevlug en saam met hulle, Lettie se vreesgedagtes. Selfs die koue windjie het sy rusplek gevind.

Vroeg reeds is almal op en doenig want die plaas was groot en die beesboerdery het baie werkkrag vereis.

Alex se enigste buurman, Wecke, was 'n Duitser. Hy het Duitsland toe gegaan om daar in die huwelik te tree en intussen sy seun alleen met die boerdery agtergelaat. Dan was daar nog 'n skrandere koloniale, Erens, wat Wecke se melkery behartig het; en nog 'n Duitser en sy vrou met hulle twee dogters, almal in diens van Wecke.

Lettie was nog besig met haar huislike pligte toe jong Wecke opgewonde daar aankom. Sy wou hom nog innooi, maar hy vra haastig waar Alex dan is.

“En wat gaan dan aan?”, vra Lettie met al die onrus in haar binneste weer opnuut wakker.

“Ag, mevrou, ek bring eintlik slegte nuus. Ek het net nou by die stasie verneem dat die Hottentotte op die oorlogspad is en reeds in Windhoek veg”, vertel hy.

Lettie kon dit byna nie glo nie en het met verbystering besef dat dit sekerlik vir hulle ook onheil voorspel, en dan was hulle nog so alleen en hulp van buite vir hulle onbereikbaar.

Toe Alex die berig hoor, het hy dadelik besluit om sy vrou en kinders na Swakopmund, na veiligheid, te neem.

“O, Alex, is die gevaar nie dalk al te naby nie? Laat ons liewers na die De Jagers se plaas gaan – dan is ons tog 'n klompie bymekaar!”, stel Lettie voor maar Alex het gevoel dat dit vir hulle veiliger op Swakopmund sou wees. Hy sou dan weer na sy vee toe terugkeer want, het hy gemeen, die Hottentotte sal hom seker nie lastig val nie aangesien hulle eintlik 'n aksie teen die Duitsers gehad het.

Die langtent-wa word voor die huis getrek en alle benodighede vir die vrou en kinders word ingepak; skaapvleis en 'n voorraad van ander kos word ook saamgeneem.

Die Duitser met sy vrou en dogters, jong Wecke en Erens gaan toe ook almal met 'n ander wa saam. Hulle vertrek haastig en probeer so vinnig moontlik vorder. Langs die pad sluit nog twee Duitsers by hulle aan.

Omstreeks vieruur span hulle uit om ete voor te berei terwyl Alex te perd vooruit ry om te gaan verneem hoe laat daar 'n trein sou kom – Karabib was die stasie waar Lettie-hulle moes opklim.

Daar aangekom, het Alex met verbystering na die verlate stasie en verwoeste treinspoor gestaar. Die swartes het hier reeds hul doel bereik! Daar was dus nou geen hoop meer om sy vrou en kinders by Swakopmund te kry nie.

Met 'n sug het hy omgedraai en vinnig teruggery om die teleurstellende nuus aan sy vrou en die ander mense by die waens mee te deel.

Almal was verward en wanhopig by die aanhoor daarvan.

Hulle vertrek toe onmiddellik weer en volg die pad na die De Jagers se plaas. 'n Verskynsel wat hulle erg verontrus het, was dat die swartmense wat Alex se beeste moes aanjaag een vir een begin verdwyn het.

Dit het begin donker word en hulle moes langs die pad uitspan. Almal was bevrees en die veiligste en mees doeltreffende metodes vir beskerming van hul lewens word toegepas. Die vier verebeddens wat Lettie saamgeneem het, word aan die binnekant, aan elke kant vasgemaak om daardeur die vrouens en kinders gedeeltelik te beskerm.

Die mans berei hulle voor vir geval van 'n geveg, neem elkeen 'n geweer en gaan sit op geskikte plekke om wag te hou.

Die vrouens in die wa kon natuurlik glad nie slaap nie.

Allerhande vreesgedagtes het hulle geteister en hulle was naderhand so gespanne dat hulle by die aanhoor van die geringste roering in die bosse die ergste verwag het. Die nag het egter sonder voorval verloop.

Vroeg die oggend, terwyl dit nog donker was, het die mans vuurgemaak en ketel gekook. Toe dit begin lig word, het die vrouens en kinders ook opgestaan en alles weer reggemaak en ingepak – gereed vir die terugtog.

Meteens het hulle met skrik gewaar dat hulle deur die swartes omsingel is. Agter elke bossie kruip hulle uit en kom stadig nader na die wa toe.

Die kaptein van die Herrero's kom naderhand vorentoe en spreek Alex ewe vriendelik aan.

“Baas, wat maak julle hier, hoekom vlug jy vir ons? Ons is nie vir die baas kwaad nie – ons wil net die Duitsers hê. Dis vir hulle wat ons kwaad is!”

Hulle het Alex geken as 'n baie goedhartige en sagmoedige mens.

Toe die kaptein sien dat Alex twyfel en hulle wantrouig aankyk, sê hy:

“Baas, sit neer julle gewere en lewe met ons in vrede. Ons is nie kwaad vir jou nie. Ons soek net die Duitsers.”

Sy woorde klink opreg genoeg en die mans begin naderhand gerus voel. Selfs die vrouens wat meer versigtig was, slaak 'n sug van verligting as dit vir hulle lyk of hulle vrese ongegrond is.

“Ons sal vir Baas help inspan en dan gaan die Baas weer terug plaas toe. Ons sal nie vir die Baas-hulle hinder nie”, verseker die kaptein hulle.

Gou word daar ingespan en almal en alles is gereed om te vertrek. Die Duitse vrou met haar twee dogters ry nou by Lettie in die wa want is maar tog nog nie heeltemal gerus nie.

Hulle is op die punt om te vertrek toe daar meteens skote val, en die vier mans val op die grond neer.

Lettie gil beangs.

“Alex, Alex, waar is jy?”, skree sy want hy is buite haar gesigsveld en sy kan nie sien wat gebeur nie.

Maar daar hoor sy nog sy stem: “Verraad! Verraad!”, en dan effens sagter, “My vrou en kindertjies ... kindertjies ... help hulle tog Here.” Sy besef dat Alex seker swaar gewond is en nie kan beweeg nie.

Lettie is verbysterd. Nee, sy kan dit nie glo nie; is dit haar man wat so worstel? Erens kom rooi van die bloed by die agterkant van die wa verbygehardloop.

“Erens, Erens”, roep sy benoud, “waar is oom Alex?!”

“Is jy ook gewond?”, vra sy as sy die bloedvlekke aan hom sien.

“Ja, tante”, hoor sy hom antwoord maar selfs sy stem klink vir haar onwerklik. “Ek wou nog vir oom Alex optel, maar hy is te swaar.”

Sy spring op. Sy sal na Alex toe gaan, miskien is hy nog nie dood nie.

Voor haar is net swartes en agter is die wa toegepak. Sy gaan na Bethlehem wat voor op die wakis sit en vra: “Waar is jou baas? Ek wil na hom toe gaan.”

“Wie se baas?”, vra hy bitsig. “Vandag is die dag wat jy en jou kinders gaan vrek. Jy was mos so parmantig met my toe ons Grootfontein toe gegaan het ... nou is ek die baas!”

Lettie was verslae en kon nie glo dat die skepsel wat sy self grootgemaak en byna soos 'n kind behandel het sulke woorde teen haar kon slinger nie; maar dit was so, want in sy swart oë het sy haat en ook die swartheid van sy hart gesien.

Sy hoor dat 'n kaffer met Bethlehem praat en hy vertaal dit vir haar: As sy van die wa afklim, sal hulle haar doodmaak. Woedend gryp hy die ketel koffie wat op die wa staan om dit na haar te wil slinger, maar 'n ander kaffer gryp dit uit sy hand en sê dat hulle dit liewers kan drink.

Erens sit doodstil en bewend van vrees voor op die wa en verwag enige oomblik die ergste.

Stadig begin die waens voortbeweeg.

“Waarheen, o waarheen – Alex ... jy hier alleen agterbly?” kerm Lettie tussen die droewige snikke deur. Haar vyf kindertjies huil bitterlik – deels uit angs vir die swartes en deels omdat hulle moeder so bedroef is. Hulle kinderverstand het reeds aangeneem dat hulle vader dood is.

Die Duitse vrou is deur haar been geskiet en is al bleek van bloedverlies. Sy byt op haar tande om die pyn te verberg want sy wou nie dat die aanvallers agterkom dat sy gewond is nie; dalk vermoor hulle haar dan.

Hulle wil toe van Lettie weet tot watter nasie die ander vrou behoort.

“Sy is my ma”, jok Lettie en het die Duitsers gewaarsku om tog nie met mekaar te praat en sodoende hul identiteit verrai nie, want as die barbare uitvind dat hulle Duitsers is, sou daar maar min hoop vir hulle wees.

Stadig ry hulle voort. Hulle verwag die ergste enige oomblik want hulle kan goed begryp wat die swartes se plan is. Net so min as die mans se lewens, net so min sal hulle s’n gespaar word.

In die moederhart was daar dringende en vurige gebede tot die Hoër Hand om bewaring en genade.

Die wolkies het vroeg die middag al weer begin opstapel en nou was die lug donker en betrokke. Saggies begin die reëndruppels op die nog steeds klam aarde neerval terwyl die windjie koud waai.

Naby ’n ou verlate huis kry die swartes bevel om uit te span. Lettie en haar kindertjies klim toe af, maar weens die pynlike wond aan haar been het die ou Duitse vrou maar met haar dogters in die wa bly sit.

Die reën val nou in harde buie aarde toe.

“Voel jy nie die reent nie? Gaan daar in die huis in!”, sê ’n kaffer ewe brutaal aan Lettie.

Gehoorsaam stap sy na die huis, gevolg deur haar huilende en bewende kindertjies. Hulle magies is tog so leeg want hulle het die hele dag nog nie ’n stukkie kos gesien nie.

Erens het ’n stukkie vleis van die wa gaan afhaal en nou sit hulle dit en braai. Almal is stil. Nie een het iets om te sê nie, want elkeen is maar besig met sy eie kwellende gedagtes oor die onbekende verskrikking wat moontlik nog voor lê.

Buite hoor hulle ’n lawaai en tot hulle verbasing merk hulle dat die swartes besig is om alweer in te span.

Nadat hulle ingespan het, klim die witmense weer op die wa en dit was net toe Erens sy voet op die wa sit, dat hy die langverwagte koeël kry. Hy val agteroor op die grond – sy bloed spat en meng met die reënwater op die sand.

Dit skok deur die vrouens ... nou is hulle alleen.

Lettie sien toe hulle wegtrek, hoe hulle die witman se klere tussen hulle verdeel. Meer kon sy ook nie aanskou nie. Sy val agteroor, bedek haar oë met haar hande en lê dan so stil. Sy kan nie meer dink nie, sy kan nie meer voel nie ... dit was alles so skokkend wreed dat dit soos ’n totale onwerklikheid, soos ’n droom voel. Maar dan sien sy weer voor haar geestesoog vir Alex in ’n plas bloed lê. Wie weet ... miskien lewe hy nog, is dalk net gewond en moet dan die bitterste pyn in die onweer en reën verduur. Folterende gedagtes en twyfel martel haar verder.

Die wa stamp voort. Elke omwenteling van die wiel bring hulle nader na hulle einde, of sal daar miskien vir hulle redding opdaag voordat die laaste gruweldaad gepleeg word?

HOOFTUK VI

Wat gaan die swartes met hulle aanvang? Dit was by die bedroefde vrouens 'n kwellende en onoplosbare vraagstuk. Om die dood darem so te sit en afwag en oënskynlik kalm te bly, het bomslike kragte geverg.

Terwyl hulle ry, loop die swartes heen weer en om die wa en juig luidkeels oor die bloed van die witmanne wat hulle laat vloei het.

Na etlike ure sien hulle 'n plaashuis (waar volgens hulle wete ook Afrikaners woon) in die verte. Voor hulle het 'n pad na die woning toe uitgedraai.

Lettie meen toe dat as hulle bloeddorstigheid enigsins afgekoel het dan kon hulle hulle hier by die mense aflaai, maar as hulle verby ry dan gaan sy met hulle praat, want sy kan daardeur tog nie haar posisie slegter maak as wat dit alreeds was nie.

Toe hulle by die kruispad kom, hou die swartes maar aan met ry. Sy staan toe regop in die wa, skraap al haar moed bymekaar en sê: "Hoekom laat julle ons nie hier by ons eie mense agter nie? Wat wil julle met ons maak? Ons het vir julle geen kwaad gedoen nie, maar julle behandel ons met soveel wreedheid. Laat ons hier op die plaas by ons nasie agter!"

Die kaptein kyk haar briesend aan en sy woorde klink onheilspellend:

"Jy sal sien wat ons met julle wil maak!"

Daardie kruispad was ook vir hulle die kruispad van lewe en dood en nou het hulle moedverlore gewet wat op hulle wag.

Na 'n tydjie bedink die kaptein hom egter, en tot groot vreugde van die gevangenes skree hy 'n opdrag uit aan een van sy onderdane:

"Hardloop daar na die witmense se huis toe en sê hulle moet hulle nasie hier kom haal anders maak ons hulle sommer dood!"

Die groepie kon hulle ore nie glo nie en van ingehoue blydschap kon hulle nie 'n woord sê nie.

Met dié boodskap gaan die kaffer na die huis en kort daarna kom ses man te perd na die waens toe aangery. Hulle was verbaas om die vrouens en kinders in sulke haglike omstandighede aan te tref. Die plase was so ver uitmekaar dat daar heelparty boere was wat nog nie eers van die geweld van die kafferopstand bewus was nie.

Die vrouens was dadelik gereed om saam met die mans te vertrek. Intussen het die mans die verhaal met stygende onrus aangehoor en was op hulle hoede vir verraad.

Die klein 'meidjie' van Lettie, wat sy grootgemaak het, wou nog iets van die wa afhaal om saam te neem toe die kaptein haar aan die arm gryp en woedend sê:

"Jy gaan saam met ons!"

Die klein skepsel het angstig in trane uitgebars en toe Lettie-hulle al ver weg was, kon sy nog die kleinding hoor soebat:

"Aau, nonna, moenie vir my alleen hier laat bly nie!"

Hulle was egter magteloos om haar te red.

By die huis aangekom, het die mans begin raad hou want hulle het al te goed besef dat met die dreigende gevaar om hulle, hulle nie daar sou kon bly nie. Hulle besluit toe dat iemand moes gaan hulp roep sodat hulle na 'n veiliger oord kon vlug.

Daardie nag het Lettie eers waarlik besef wat gebeur het.

Die herinnering aan die gebeure was verskriklik. Ja, so bitter dat die slaap nie wou kom om haar hartseer net vir 'n paar uur te verlig nie.

Die swartes het maar met die pad aangery en kom naderhand 'n bastervrou teë. Sy het vir Lettie-

hulle goed geken want het met druk tye altyd met die huiswerk gaan help.

“Hoe lyk dit dan vir my soos baas McDonald se wa hierdie”, vra sy verwonderd. “Wat het julle met die goeie baas aangevang – julle het hom tog seker nie doodgemaak nie?”

Die kaptein vertel haar toe dat hy bevel gegee het dat hulle van die mans moes doodskiet, maar Bethlehem self sy eie baas doodgeskiet het.

Die vrou vra toe of sy ’n verebed kon kry en die kaptein gee ook verlof dat sy die klein ‘meidjie’ met haar kon saamneem.

Toe Lettie die more opstaan was die bastervrou daar.

Sy gee aan Lettie die bed terug en Lettie was veral bly oor die klein ‘meidjie’ want dié het haar altyd so mooi met die kinders gehelp.

Die man wat moes gaan hulp soek, het veilig in Okahandja aangekom. Daar het hy tot sy vreugde die Duitse offisier, Franke, aangetref. Franke en sy manne het die vroue en kinders gaan haal en hulle na Okahandja vergesel.

(Franke het tydens daardie onluste met sy manne opgetrek – baie lewens is gered en honderde aanvallers heeltemal verdryf. Vir sy manmoedige optrede en weldade is hy in daardie tyd as held vereer.)

Van haar ouers het Lettie gedurende die oorlog geen taal of tyding gehoor nie en het nie eers gewet waar hulle hul bevind en of hulle nog lewe nie.

Hansie, haar jongste broer, het net voor die uitbreek van die oorlog met sy vrou en hulle eersteling na Grootfontein gegaan om daar by sy ouers te kuier. Met die geleentheid het Klasie, Lettie se seuntjie wat met hulle kuier daar agtergebly het, weer saam met hulle terug huis toe gegaan.

Met hulle terugreis was die swartes net besig met hulle moord op die blankes en strooptogte.

Onbewus van die gevare het Hansie-hulle tydsam en op hulle gemak gery. Hulle het uitgespan en rustig ontspan toe die moordlustige bende onverwags op hulle afstorm. Skielik was hulle einde daar ...

Na die verskriklikste martelings het die vrou tjie haar dood tegemoet gegaan. Ook die man is, nadat hy die lyding van sy vrou en Klasie en hulle baba (wat teen die wawiel doodgeslaan is) moes aanskou, koelbloedig doodgeskiet.

Van hierdie verskriklike gebeure het Lettie totaal niks gewet nie.

Na die vrede kon haar ouers die onsekerheid net nie meer verduur nie. Hulle het gesoek en oral verneem na waar hulle dogter haar moontlik kon bevind. (Die berig van Hansie en sy gesin en klein Klasie se dood het hulle toe al bereik – die klein kaffer wat met die osse gehelp het, het weggekrui en die bloedige moord op ’n veilige afstand aanskou, daarna gevlug en vir die oubaas die gebeurtenis gaan vertel.)

Later het Lettie se vader gehoor dat sy op Okahandja was.

Hy het toe dadelik daarheen gegaan en van hom het sy die droewige tyding verneem van haar seuntjie se dood. Dus het sy nog ’n geliefde kind aan die dood afgegee.

Voorwaar ramp op ramp.

Maar dit was ook nog nie die einde nie. Daardie nag het haar vader, na die blye weersiens van sy dogter aan hartverlamming beswyk. Bitter swaar en skokkend was die ontdekking vir Lettie toe sy die volgende more die kamer binnestap en vind dat haar ou vader nie meer lewe nie.

Die tyd heel egter alle wonde hoe erg ook al, en na enige jare van weduweenskap het Lettie weer in die huwelik getree met 'n sekere mnr. Wessel Brits. Hy was 'n knap man en Lettie het hom al sedert haar vroeë jeugjare geken.

Die kinders van Lettie – daar was net vier oor: Don (oorlede) Cornelius, Andries en Hansie – het grootgeword en na enige jare in Suidwes-Afrika, het hulle weer na die Transvaal teruggekeer waar hulle nog woonagtig is. Ook Lettie leef nog.

Cornelius Langbaard en sy vrou Lena het, toe hulle van die kafferoorlog verneem, in Transvaal bly woon – eers op Lindleyspoort en later op Marico.

In 1920 het die familie weer na Suidwes-Afrika getrek.

Hulle seun en dogter, Henrie en Elsa, albei toe reeds getroud, het ook saamgegaan.

In Suidwes-Afrika het hulle vir 'n aantal jare gewoon.

Baie keer het hulle met die Ovambo's gaan handel dryf en Cornelius het vir Henrie (skryfster se eggenoot) al die plekke waar hulle vroeër langs getrek het, gaan wys.

Daar is Cornelius Langbaard ook later oorlede.

Na sy dood het Lena en die kinders almal weer teruggetrek Transvaal toe waar hulle nog woonagtig is. Ook Lena leef nog.

Dit is dan in kort die wederverings van sekere huisgesinne. Daar was egter talle soortgelyke en onbeskryflik wrede moorde gepleeg (persoonlik aan skryfster oorvertel toe sy vanaf 1920 vir 'n aantal jare daar gewoon het) en 'n onvergeetlike tyd van skrik en bewing het geheers.

Hierdie geskryf is geen kunswerk nie. Die feite is deur Skryfster ten boek gestel in 'n poging om die geskiedenis soos dit werklik plaasgevind het, aan die nageslag oor te lewer.

Ek betuig my dank aan elkeen wat dit moontlik gemaak het dat hierdie boekie saamgestel kon word en in besonder aan Dorie du Plessis (my broer se dogter).

SKRYFSTER

Naskrif op 23 Januarie 2013 deur Helena Liebenberg

Hierdie boekie wat geskryf is deur my ouma, wyle Helena Catharina Grobler, namens haar skoonmoeder, Magdalena Willemina Grobler, gebore Smit, is vir my 'n kosbare besitting.

Omdat hierdie Dorslandtrek-verhaal waarskynlik 'n groter lesersmark sal trek as net ons familie, het ons besluit om die inhoud digitaal beskikbaar te maak. My man Schalk het die skandeerwerk en ek die teksontfouting gedoen en die produk word hiermee aan u gebied as geskiedkundige leesgenot. Indien u inligting uit die boekie wil aanhaal vir welke rede ook al, staan dit u vry. Die ongeskrewe voorwaarde sou wees dat erkenning aan die skryfster gegee word; in elk geval is erkenning van bronne die enigste geldige wetenskaplike manier van verwysing.

Deur 'n baie spesiale sameloop van omstandighede het ek in Desember 2012 per e-pos kennis gemaak met Heleen en haar man Mac (Cornelius) McDonald, 'n agterkleinseun van Alexander en Lettie McDonald.

Soos u gelees het, was Lettie McDonald die suster van Cornelis "Langbaard" Grobler. Op my beurt is ek 'n agterkleindogter van Cornelius en Magdalena (Lena in die verhaal) Grobler.

Op 9 Januarie 2013 het ons die voorreg gehad om mekaar in Tygervallei-sentrum, Durbanville te ontmoet toe Mac en Heleen van Windhoek af hier op besoek was. Dit is op een jaar na 110 jaar sedert die afsterwe van Alexander McDonald, Lettie se gade en haar vader Cornelius Grobler, albei in 1904. Dit was vir ons 'n baie besondere en blye gebeurtenis om mekaar te kon ontmoet, ons voorouers so in ere te hou en familiebande te versterk.



9 Januarie 2013: Cornelius McDonald en Helena Liebenberg